Verskilmakers

Lewende Gemeente
Lewende Stad

By NG Weltevreden probeer ons om doelbewus te **lewe vir die stad.** Om te lewe vir die stad is om al ons lewensritmes in Johannesburg volledig aan God op te dra. In Weltevredenpark en Randburg, Sandton en die middestad. Die bergfietspaadjies en die taxiroetes. Die piekniekplekke en die gevaarlike dele. Die braaipit by die swembad en die vergaderlokaal by die werk. Oral kry die liefde van God 'n vatplek in ons lewens.

Wat beteken dit om te lewe vir die stad?

Wanneer ons sê dat ons lewe vir die stad, praat ons nie net van die mense wat in die middestad of in Sandton werk en bly nie. Nee, ek en jy is die stad. Ons gemeente en sy lede is die stad. Ons vriende en ons geliefdes is die stad. Die mense in ons woonbuurte is die stad. Ons vier waardes is die boustene vir ons visie **Lewe vir die stad:**

Deernis aan Weerloses

Om deernis aan 'n ander mens te bewys is 'n voorreg so oud soos die lewe self. Geen mens is volledig sonder die geleentheid om 'n ander lief te hê nie. Ons word aan die einde van ons lewens gemeet aan die sagtheid van ons harte, die beskikbaarheid van ons tyd en ons genade teenoor 'n ander mens se weerloosheid. Deernis en nederigheid loop hand aan hand.

Nederige dankbaarheid dra deernis, dit dek die tafel vir ’n manier van omgee wat nie arrogant is of uit die hoogte kom nie, maar vanuit die wete dat elke mens met gebrokenheid leef. Ons herinner mekaar daaraan dat om deernis aan ’n weerlose mens, dier of die natuur te bewys, ons nodig het om die weerloosheid van ons eie menswees te omhels. God bewys deernis aan ons, daarom kan ons nie anders as om met deernis te leef nie.

Elke Generasie

’n Gesonde geloofsgemeenskap kan vergelyk word met ’n groot uitgebreide familie. Die tendens in kerke soos NG Weltevreden in die onlangse verlede was om die verskillende generasies apart te hou. Tieners sou in hulle “grot” bymekaar kom terwyl die ouers “bo” in die kerk aanbid. Ons probeer hierdie taal die afgelope paar jaar doelbewus verander.

Terwyl daar steeds ruimtes is waar ouers, tieners, kinders en kleuters op unieke ouderdomsgebaseerde maniere bymekaarkom, hoop ons om meer geleenthede te skep waar ’n kind saam met sy ouer kan aanbid. Wanneer ons by NG Weltevreden dink oor families, dan herinner ons mekaar daaraan dat dit insluitend moet wees. Mense sonder kinders is ook ’n familie. Enkellopendes is ook ’n familie. Gesinne lyk lankal nie meer soos die tydskrifprentjies van die jare 80’s en 90’s nie. Ons hoop is dat die evangelie by NG Weltevreden sal vlamvat oor die grense heen van al die unieke lewensfases wat so eie is aan die lewe hier in die stad.

Vreemde Gasvryheid

In ’n stad waar die mure al hoe hoër raak en die lewe al hoe vinniger, loop ons die risiko om verby mekaar en dan veral verby die vreemdeling te leef. Gasvryheid is vir duisende jare al ’n kernwaarde van enige geloofsreis. Dit is ’n universele geloofsdissipline wat oor kulture en grense heen hoog aangeslaan word. Vir Christene is hierdie waarde eie aan Jesus se openbaring van wie God is. God is die groot gasheer. Dit eggo in Psalm 23 en vind vatplek in die groot opoffering wat God deur Sy Seun se doodse lyding gemaak het. Die waarde van ’n gemeente se geloof word getoets aan die wyse waarop ons dié wat anders is, selfs vyandig is, behandel. By NG Weltevreden hoop ons dat elkeen waarlik welkom sal voel.

Diep vriende

Die groot kopskuif wat die Christelike geloof mense help maak is dat dit moontlik is om ’n diep vriendskap met God te kan hê. Christus het sy vriende daarmee gehelp. Ons is nie God se slawe nie; ons is God se vriende. Hierdie merkwaardige ontdekking spoel oor in die manier waarop gelowiges teenoor mekaar leef – as vriende en nie as vreemdes nie. Die evangelie se heelmaakkrag vind vatplek in ons lewens in die vorm van hegte lewensbande. Meer dikwels werk die Heilige Gees deur die sagte woorde van ’n goeie vriend as deur die vele woorde van ’n prediker. By NG Weltevreden probeer ons op kreatiewe maniere veilige ruimtes te skep waar vreemdelinge vriende kan word.

Hoe kan ons lewe vir die stad?

God het aan almal van ons sekere hulpmiddele toevertrou om ’n verskil te maak in ons omgewing, ons stad en die mense wat daarin bly. Ons wil graag ’n *Gawebank* saamstel waar ons mense wat ’n verskil wil maak deur te gee, en mense wat ’n behoefte het, by mekaar uitbring. Ons wil dus ’n ruimte skep waar jy ’n ware ***Verskilmaker*** kan wees. Waar jy kan lewe vir die stad. Kom ons kyk ’n bietjie waarmee God ons geseën het:

Gawes en talente

Die Bybel leer ons dat God ons elkeen uniek geskape het en vir elkeen ’n gawe of talent, of selfs meer as een, gegee het waarmee ons ’n verskil in hierdie wêreld moet maak. Hy verwag dit van ons. Jou gawe of talent hoef nie groot te wees om ’n impak te hê nie. Dalk is jy ’n bobaasbakster wat kan bak vir die basaar of miskien is jy goed met belasting en kan jy iemand help wat nie weet hoe om dit te doen nie.

Tyd

Tyd is vandag ’n kosbare kommoditeit en die meeste van ons sê gou ons “is baie besig”. Maar dalk is tyd jou hulpmiddel van God. Jy het dalk die tyd beskikbaar om iemand te help deur hulle winkel toe te neem vir inkopies of om iemand te bel om te hoor hoe dit gaan en of hulle iets nodig het.

Geld

Elkeen van ons organisasies en projekte benodig fondse om suksesvol te wees in ons gemeenskap. Fondse word jaarliks uit ons gemeentebegroting beskikbaar gestel vir elk van hierdie projekte. Gedurende die jaar word ons ook bewus gemaak van nuwe en ad hoc geleenthede waar ons ’n verskil kan maak en mense se lewens kan verander en daarom het ons ook geld nodig om meer te kan doen. Om ’n lewende gemeente in stand te hou is fondse ook nodig vir gemeente-aktiwiteite en om bv. die eredienste in stand te hou. Indien jy ’n verskil wil maak deur ’n finansiële bydrae te maak, kan jy ’n inbetaling maak in die kerk se rekening (besonderhede op bladsy 17). As jou inbetaling vir ’n spesifieke organisasie of projek bedoel is, noem dit asb as jou verwysing. Andersins is dit belangrik om die verwysing “***verskilmakers***” te gebruik sodat ons weet dit is vir die projekte in die algemeen.

Hierdie boekie is ’n manier om ons as gelowiges te bemagtig om ons gewone lewensgawes met mekaar te deel. As ons dink aan die Bybelverhale van die vrou by die put, die barmhartige Samaritaan en die seuntjie wie se broodjies en vissies deur Jesus vermeerder is, leer ons dat die alledaagse dinge waarmee ons goed is, waarop ons trots is en waarmee ons geseënd is, in die hande van Jesus merkwaardige veranderinge in die wêreld kan bring.

GEMEENSKAPSORGANISASIES

MES – Mould; Empower; Serve

www.mes.org.za

MES het 25 jaar gelede vanuit ’n gemeente in die stad begin as ’n kosprojek in Hillbrow met die doel om hawelose mense te help met ’n ete elke dag. Deur die jare het dit gegroei tot ’n baie belangrike rolspeler in die stryd teen armoede in Johannesburg. As gemeente skakel ons hoofsaaklik in by die werk wat MES met jongmense in die stad doen.

***Kontakpersoon:** Chrisman de Jager • chrisman.de-jager@schneider-electric.com*

Mozaic Upliftment Trust

www.mozaictrust.co.za

Agt jaar gelede het ons paaie gekruis met ’n jong man wat sy tent in die agterplaas van ’n plaaslike pastoor in Manjekaze, Mosambiek gaan opslaan het. Gerhard Erasmus het

'n droom vir ontwikkeling in Mosambiek gehad. Vandag is Gerhard en sy span betrokke by 45 verskillende gemeenskappe regoor Mosambiek. Ons besoek twee keer 'n jaar hierdie gemeenskap as 'n geleentheid vir tieners en studente om te leer by die werk wat Gerhard en sy span doen.

***Kontakpersoon:** Bianca van der Westhuisen • blouvrou@gmail.com*

Oasis Suid-Afrika

Oasis is 'n internasionale organisasie wat in Brittanje ontstaan het met die droom om skole en klinieke in weerlose gemeenskappe te begin. Hulle help ons veral verstaan dat alle mense geskep is na die beeld van God en dat Jesus ons lewens wil verander sodat ons verandering in ons gemeenskappe kan bring. Ons paaie het met hierdie besonderse organisasie gekruis met die totstandkoming van die nuwe voorstad Cosmo City. Tans werk ons saam met Oasis in die middestad van Johannesburg aan die Let's go Jozi jeugprojek.

***Kontakpersoon:** Adri-Marie van Heerden • adrimarie.vanheerden@oasisza.org*

JEUGONTWIKKELINGSPROJEKTE

Let's go Jozi

www.facebook.com/letgojozi

In 2011 het ons gehoor van 'n nagklub in die Johannesburgse middestad wat leeg staan en dat die nagklub omring is met skole. Saam met Oasis het ons begin om die eertydse nagklub te omskep in 'n plek waarheen jongmense kon kom vir hulp met skoolwerk en vir verskeie ander opleidingsgeleenthede. Dit het ook vir ons die geleentheid geskep om op verskeie ander kreatiewe maniere hande te vat met rolspelers in die middestad met die doel om die stad beter en veiliger te maak vir kinders wat daar skoolgaan. Die program het verder uitgebrei om werklose jongmense te begelei in hulle soeke na vaste werksgeleenthede.

Vier kreatiewe maniere om hierdie projek te ondersteun:

1. Koop *Bean There* koffie. Bean There Coffee Company help ons om baristas op te lei as 'n manier om jongmense toe te rus met praktiese lewensvaardighede.
2. Hou 'n vleisbraai vir jou vriende op die dak van die sentrum.
3. Help een dag 'n maand 'n skoolkind met Wiskunde of Engels.
4. Skep 'n geleentheid vir 'n jongmens om by jou maatskappy 'n internskap te doen.

***Kontakpersoon:** Fourie Rossouw • fourie@letsgojozi.co.za*

Golang Education Outreach

www.facebook.com/GolangEducationOutreach

Golang se storie in die informele nedersetting Zandspruit het in 2002 begin met Marietjie Steyn en ’n skinkbord toebroodjies vir ’n paar kinders wat gretig was om hulp met hul skoolwerk te kry. Vandag is dit die toonbeeld van hoe ’n eenvoudige droom om weerlose kinders te help, kan groei tot ’n baie betekenisvolle werklikheid. Ons is ook finansieel betrokke by ’n gemeenskapswerker in Zandspruit verbonde aan Golang.

Kontakpersoon: ***Riekies Huisamen • uitreik@ruimsig.com***
Isabel Grobler 082 415 4636

KINDERBESKERMING EN KLEUTERSORG

Diana Tshiano Dagsorg en Voorskool

Ons betrokkenheid by die Diana Tshiano Dagsorg en Voorskool het in 2004 begin. Voor die totstandkoming van die kerk in Cosmo City, het ons ons betrokkenheid by verskeie kleuterskole geëvalueer en besluit om by Tebogo, ’n gekwalifiseerde kleuterskoolonderwyseres, se skool betrokke te raak. Sy het die kleuterskool vanuit ’n HOP-huisie begin en byna 30 kinders daar geakkommodeer. Die gemeente het gehelp met die bou van ’n toegeboude stoep en toilet asook die verf van speelgoed en die palisade om die kinders se omgewing te beveilig. Tans het sy sowat 24 kinders op ’n gereelde basis en ons help met skoonmaakmiddels, groente en vrugte en ’n uitstappie een maal per jaar.

Hoe maak ek ’n verskil?

Jy kan ’n verskil maak deur te help met die instandhouding van die skool soos die verf van onder andere die palisades, skenkings soos skoonmaakmiddels en kos, of deur te help met die jaarlikse uitstappie. Ons het ’n gevestigde verbintenis met die skool wat deurentyd baie netjies is, vir kinders ’n veilige omgewing skep en deur die jare goeie resultate gelewer het.

Kontakpersoon: ***Alda Boer • 011 475 5510***
Iggie Olivier • 082 575 2514 of medilance@mweb.co.za

Jan Hofmeyer Kleuterskool

Die Jan Hofmeyer Kleuterskool is deel van die Jan Hofmeyer gemeenskapsentrum. In 2002 het 'n lidmaat wat huisvesting verskaf het vir die sopkombuis in Vrededorp, ons gemeente genader omdat hy bekommerd was oor die kleuters in die gemeenskap wat sonder toesig rondbeweeg het. Die ouers kon dit nie bekostig om hul kinders na kleuterskole te stuur nie. 'n Klompie ***Verskilmakers*** uit die gemeente was bereid om van hul tyd en ervaring te gee en so het die eerste kleuterskoolklassie begin. Met die emosionele en finansiële ondersteuning van die kerk en die vrywilligers, kon twee mammas opleiding ontvang en die skooltjie het nou uitgebrei na twee klassies van ongeveer 12 kinders elk. Ons is dankbaar dat nog 'n ***Verskilmaker*** die kinders tans gratis by Clamber Club betrek.

Hoe maak ek 'n verskil?

Jy kan betrokke raak deur aan te sluit by die groep ***Verskilmakers*** wat tyd saam met die kinders deurbring, help met vervoer na uitstappies of help om die salarisse van die twee mamma-onderwyseresse te borg. Die skool benodig ook skenkings wat die kinders se lewe makliker kan maak soos kos, klere, skryfbehoeftes, skooltassies, skoolklere, verjaardaggeskenke, ens.

Kontakpersoon ***Alda Boer • 011 475 5510***
Maretha Gous • mgmarethagous@gmail.com

Huis Erasmus

Die gemeente het in 2002 betrokke geraak by Huis Erasmus wat gelëe is op die Langlaagte Kampus van die Abraham Kriel Kinderhuis. Die huis het twee vleuels en 'n woonstelletjie vir die huisouers. Die huis het oor jare verskeie groepe kinders gehuisves en die gemeente was altyd betrokke by die instandhouding van die huis soos verf, tëels, matte, ens. Dit is ook nodig om te help met linne en gordyne soos wat dit verweerd raak of die kinders verhuis en die behoefte aan nuwes ontstaan. Die laaste paar jaar het ons gedragsmoeilike dogters in die huis wat spesiale aandag en geduld verg. In 2015 het 'n brand groot skade in die huis aangerig en die gemeente is besig om te help met die herstel van die huis terwyl die kinders tydelik in ander huise gehuisves word. Fondse word dus benodig om die huis weer mooi te maak en die meubels te vervang wat deur die brand vernietig is. Ons groep ***Verskilmakers*** neem die kinders op uitstappies, voorsien hul van toiletware, bied emosionele ondersteuning en help om die kinders se verjaardae spesiaal te maak.

Hoe maak ek 'n verskil?

Jy kan betrokke raak deur by ons groep aan te sluit en te help met besoeke, uitstappies, die skenk van toiletware, linne, kos of kontant wat ons in staat stel om met die projek mense se lewens te verander. Ons is ook altyd oop vir voorstelle om die kinders sinvol besig te hou.

Kontakpersoon: *Alda Boer • 011 475 5510*
Marie du Toit • 083 448 4758

Blou Huis

Die Blou Huis is geleë op die Maria Kloppers Kampus van die Abraham Kriel Kinderhuis. NG Weltevreden is van 2006 af betrokke by die huis wat tans 11 laer- en hoërskoolseuns en -dogters huisves. Soos met Huis Erasmus, ondersteun ons ***Verskilmakers*** die kinders wat emosionele behoeftes, uitstappies, instandhouding en verjaardae betref. Die Blou Huis se kinders word gereeld genooi na gemeentebyeenkomste of kampe en die kerk ondersteun hul spesiale talente en betrek die kinders ook by ander projekte wat hulle leer om te gee en nie net te ontvang nie.

Hoe maak ek 'n verskil?

Soos met Huis Erasmus, kan jy betrokke raak deur aan te sluit by ons groep ***Verskilmakers***, wat die kinders besoek, betrokke raak by verjaardae en uitstappies en help met instandhouding. Ons benodig ook fondse om die projek in stand te hou.

Kontakpersoon: *Alda Boer • 011 475 5510*
Marlene Ross • 084 811 3795

Daphné van Staden

Daphné van Staden is 'n dame wat gereeld by die kerkkantoor 'n draai maak om skenkings wat ons ontvang het, aan behoeftige kleuterskole in die omgewing uit te deel.

Hoe maak ek 'n verskil?

Jy kan enige oortollige skryfbehoeftes, tydskrifte, boeke, ens. by die kerkkantoor aflewer vir Daphné sodat sy ook so 'n verskil kan maak in ons gemeenskap.

Kontakpersoon: *Alda Boer • 011 475 5510*

Pretweek

Die Pretweek word jaarliks gedurende die Julie-skoolvakansie deur ’n span ***Verskilmakers*** aangebied. Ons verwelkom elke jaar tussen 90 en 120 kinders per dag. Baie van die kinders wat die Pretweek bywoon is nie van ons kerk nie. Dit bied aan die ouers in die omgewing wat steeds moet werk ’n veilige en prettige alternatief vir hul kinders tydens die skoolvakansie.

Hoe maak ek ’n verskil?

Indien jy van jou tyd wil gee of die gawe het om met kinders te werk, kan jy deel word van die span ***Verskilmakers*** wat elke jaar na die groep kinders omsien deur te help met die voorbereiding van middagetes, te help met vermaak of sommer net ’n ogie te hou oor die kleingoed.

Kontakpersoon: ***Ilze de Villiers • 082 789 0621***

SENIORSORG

Die kerk is op ’n gereelde basis betrokke by instansies wat seniors versorg, soos die ouetehuise Ekklesiapark, Parksorg en Roodepoort Tehuis vir Bejaardes. Ons ondersteun Ekklesiapark met hul afsluiting en plaas ook gratis advertensies vir die ouetehuise.

Hoe maak ek ’n verskil?

Ons is altyd op soek na ***Verskilmakers*** wat ons senior lidmate kan help met ’n verskeidenheid alledaagse takies soos om hulle te neem om hul hare of inkopies te gaan doen, om hulle te help met bv. elektroniese bankdienste of om sommer net ’n bietjie te gaan inloer vir ’n koppie tee.

Kontakpersoon: ***Ds Kobus Sandenbergh • 082 451 1674***

PROJEKTE BINNE ONS GEMEENTE

Silwerhoekie

Die Silwerhoekie word al vir meer as 15 jaar in ons gemeente bedryf deur die groepleier, Nellie Cool en haar komiteelede . Die groep het sowat 60 lede en ’n klein lidmaatskapfooi is jaarliks betaalbaar. Die groep kom elke tweede Dinsdag bymekaar

vir ’n verskeidenheid aktiwiteite soos vasvrae, inligtingsessies, kuiergeleenthede, uitstappies, omgeeprojekte, ens. Die Silwerhoekie is ook verantwoordelik vir ons jaarlikse “Jumble Sale” en ons gebruik die geld wat daarmee ingesamel word om ons seniors in die gemeente by te staan waar nodig.

Hoe maak ek ’n verskil?

Jy kan betrokke raak deur self by dié aktiewe groep mense aan te sluit, deur die ondersteuning van die bejaardefonds, deur te help om sprekers, gaskunstenaars, ens. te reël en deur te help met testamentêre bemakings. Senior lidmate kan ook inskakel by die spesiale seniorbybelstudie-groep wat Woensdae om 09:00 bymekaar kom of een van die groepe wat by die Jakaranda-, Harveston- en Wilgeheuwelaftreeoord ontmoet.

Kontakpersoon: *Alda Boer • 011 475 5510*
Nellie Cool • 072 740 6741

Uitleenbank: mediese hulpmiddele

Die kerk het ’n verskeidenheid mediese toerusting soos krukke, rolstoele, looprame, ens. wat ons aan lidmate leen wat dit benodig.

Hoe maak ek ’n verskil?

Indien jy enige werkende mediese toerusting by die huis het, is jy welkom om dit aan die kerk te skenk vir die uitleenbank.

Kontakpersoon: *Alda Boer • 011 475 5510*
Jurie Ferreira • 011 475 5510

Barnabasgroep

Die Barnabasgroep bestaan uit ’n aantal ***Verskilmakers*** in die gemeente wat saam met die Direkteur Versorging, Alda Boer, en die predikant aan diens werk om ons lidmate te versorg. Die span kontak die mense op ons weeklikse Lief en Leed-lysie vir bemoediging. Alle relevante inligting word op ’n georganiseerde wyse aangeteken en aan die predikant aan diens en die Direkteur Versorging deurgegee om op te volg. Barnabaslede help ook met huisbesoek, die voorlees van boeke en om mense vir inkopies of doktersbesoeke te neem.

Hoe maak ek 'n verskil?

Jy kan betrokke raak deur by hierdie groep ***Verskilmakers*** aan te sluit. Ons wil graag hierdie diens uitbrei om hospitaalbesoeke en ander maniere van hulpverlening soos byvoorbeeld vervoer in te sluit.

Kontakpersoon: *Alda Boer • 011 475 5510*
Erika Steyn • 082 855 9100

Vriende in die buiteland

Ds Hansie en Lanette Breedt was jare lank deel van NG Weltevreden. In 2012 het hulle na Italië verhuis om sendingwerk te doen wat die Here hulle op die hart gelê het. Hulle is verbonde aan Operasie Mobilisasie en NG Weltevreden is die plaaslike gemeente waaraan hulle gekoppel is. Vir meer inligting oor die werk wat hulle doen, besoek gerus hulle webblad www.hansiebreedt.com.

Hoe maak ek 'n verskil?

Hansie en Lanette het ons almal se gebede nodig. Indien jy voel dat jy graag fondse wil skenk spesifiek vir die sendingwerk wat deur Ds Hansie en Lanette gedoen word in Italië, kan jy dit inbetaal by die kerk met spesifieke verwysing dat dit vir Hansie is. Hulle verwelkom ook mense wat by hulle groep will aansluit en besoeke aan hulle.

Kontakpersoon: *Henricus van Jaarsveld • 082 452 6816*

Plaaslike versorging (allementasie)

Allementasie is 'n diens wat deur die kerk gelewer word spesifiek aan lidmate in finansiële nood. Daar word jaarliks begroot vir hierdie diens, maar addisionele bydraes beteken dat ons meer lidmate kan help. Elke geval word deur die Direkteur Versorging geëvalueer.

Hoe maak ek 'n verskil?

Jy kan 'n verskil maak in die lewens van ons eie lidmate deur geld te skenk of deur jou professionele diens as sielkundige, dokter, prokureur, ens. aan te bied.

Kontakpersoon: *Alda Boer • 011 475 5510*

Koskas

Kospakkies ter waarde van sowat R250 elk word waar nodig aan besonder behoeftige mense in ons omgewing geskenk. Mense kom ongeveer elke drie tot vier weke om ’n pakkie te haal. Hierdie pakkies kan slegs uitgedeel word solank daar skenkings is.

Hoe maak ek ’n verskil?

Verskilmakers kan betrokke raak deur kontant vir die koskasprojek te skenk of deur kos te skenk soos op die lys wat by die kerkkantoor beskikbaar is. Sodoende word standaardpakkies verpak en uitgedeel.

Kontakpersoon: ***Alda Boer • 011 457 5510***

Begrafnisbediening

Die begrafnisbediening is ’n wonderlike groep ***Verskilmakers*** wat ons help met die maak van toebroodjies of die skink van tee tydens begrafnisse.

Hoe maak ek ’n verskil?

Ons is altyd op soek na mense wat kan help met die maak van toebroodjies of om tee te skink tydens begrafnisse.

Kontakpersoon: ***Christa Oosthuysen • 011 475 5510***

Gholfdag

Daar word jaarliks ’n gholfdag geëel om fondse in te samel vir ons lidmate in nood asook vir ons bestaande versorgingsprojekte.

Hoe maak ek ’n verskil?

Lidmate kan betrokke raak deur ’n 4-bal of pryse vir die dag te borg, te help met die administrasie op die dag of deur ’n kontantskenking te maak om die projek te ondersteun.

Kontakpersoon: ***Ds Kobus Sandenbergh • 082 451 1671***

Winterhoop

Ons reël elke jaar ’n projek om mense in nood gedurende die koue wintertyd te help. In 2015 het ’n ***Verskilmaker*** die inisiatief geneem deur ’n kombersprojek te loods. ***Verskilmakers*** het betrokke geraak deur die materiaal en patroon aan te koop en die kombers te voltooi, wat hulle na die tyd kon hou, self aan ’n behoeftige persoon kon gee of aan die kerk kon skenk vir verspreiding.

Hoe maak ek ’n verskil?

Ons wil jou graag aanmoedig om nuwe projekte aan ons voor te lê of om die jaarlikse projek te ondersteun.

Kontakpersoon: *Alda Boer • 011 475 5510*

Kersprojek

Die jaarlikse Kersprojek werk op dieselfde basis as die Winterhoopprojek. In die verlede het ons onder andere “Emmers van Hoop” en “Pakkies van Hoop” gehad. Die items wat ingesamel word, word aan behoeftige mense buite ons gemeente uitgedeel. In 2014 is die items in samewerking met die Polisie van Krugersdorp aan gesinne in nood uitgedeel.

Hoe maak ek ’n verskil?

Ons wil jou aanmoedig om met nuwe projekte vorendag te kom of om die jaarlikse Kersprojek te ondersteun.

Kontakpersoon: *Alda Boer • 011 475 5510*

Geskenkbewysprojek

’n Aantal geskenkbewyse word by voedselkettingwinkels aangekoop en word aan behoeftige lidmate en nie-lidmate gegee om te help met kos asook medikasie. Aansoeke word deur die Direkteur Versorging geëvalueer. Bewyse ter waarde van R250 of R500 word gewoonlik aangekoop.

Hoe maak ek ’n verskil?

Die projek is afhanklik van kontantskenkings. As ’n ***Verskilmaker*** kan jy betrokke raak deur die skenk van fondse vir geskenkbewyse of deur self bewyse aan te koop vir verspreiding.

Kontakpersoon: *Alda Boer • 011 457 5510*

PROFESSIONELE DIENSTE

Verskeie professionele dienste word met behulp van die Direkteur Versorging deur die kerk aan lidmate beskikbaar gestel:

Berading

- Individuele berading
- Gesinsberading
- Huweliksberading
- Traumaberading

Die dienste word gratis aan lidmate en nie-lidmate verskaf aangesien die kerk die dienste inkoop.

Kursusse

- Huweliksvoorbereidingkursusse word deurlopend aangebied vir persone wat gaan trou.
- Divorce Care word aangebied vir mense wat onlangs geskei is of iemand wil help wat deur ’n egskeiding gaan.
- Die Rousmartkursus (Grief Share) word aangebied om mense te help om die rouproses te verstaan en te hanteer.

Verwysings en samewerking met ander professionele persone

Hoewel daar nie voltydse terapeute of mediese dokters in diens van die gemeente is nie, is daar goeie kontak opgebou met professionele persone binne en buite die gemeenskap. Verwysings word teen ’n normale of spesiale tarief gedoen. Indien dit finansieel nie vir ’n persoon moontlik is om die koste te dra nie, sal die Direkteur Versorging kyk na die moontlikheid van subsidiëring of borge.

Dienste

- Mediese dokters
- Arbeidsterapeute
- Tandheelkundiges
- Sielkundiges en psigiaters
- Opvoedkundiges
- Spraakterapeute

Anonieme verwysings

Indien daar persone is wat hulp benodig, maar anoniem wil bly, kan die Direkteur Versorging gekontak word, waarna besluit sal word watter diens of verwysing benodig word en kan die nodige kontaknommer deurgegee word.

Ander verwysings

- Rehabilitasiesentrums
- Aftreeoorde

Die Direkteur Versorging beskik oor inligting van instansies en telefoonnommers vir verwysings en sal jou ook bystaan in die proses en waar nodig met opname.

Kontakpersoon: *Alda Boer, Direkteur Versorging (M.Soc.Sc. in Maatskaplike Werk)*
011 475 5510

ONS LIDMATE LEWE REEDS VIR DIE STAD

Alhoewel ons nou die ***Verskilmakers***-program loods, is ons lidmate al lankal besig om ’n verskil te maak in ons kerk en ook in ons gemeenskap. Hier is net ’n paar voorbeelde van ***Verskilmakers***:

- ’n Vroue-Bybelstudiegroep het besluit om warm pajamas aan die inwoners van ’n ouetehuis te skenk.
- ’n Vroue-lidmaat was in 2015 aan die stuur van ons Winterhoop-kombersprojek waar lidmate self komberse gevleg het en dit aan behoeftiges kon gee of aan die kerk terugbesorg het sodat dit aan behoeftiges uitgedeel kon word. Sowat 120 komberse is gemaak en uitgegee.
- ’n Groepie dames het tydens Pretweek die kinders se magies vol gehou met hul lekker kos.
- Nog ’n lidmaat help ons met die taalversorging van die Weltewoord asook ander dokumentasie soos brosjures, ens.
- Onder leiding van Dr Neil du Plessis het die Gesinsbediening al ’n hele paar verskilmaak-projekte aangepak. Die groep het al hondekos en waspoeier by die DBV afgelewer; koekies en “cupcakes” na die Brandweersentrum geneem en het ook ’n klomp speelgoed ingesamel wat aan die Eenheid vir Gesinsgeweld, Kinderbeskerming en Seksuele Misdryf oorhandig is.
- ’n Paartjie in ons gemeente maak ’n verskil deur na die kerk se tuine om te sien.
- Nog ’n paartjie gebruik hul gawes om ons te help met die elektroniese media in die kerk.

- ’n Groepie dames maak ’n verskil in die lewens van ons kleuters en jeug deur hul betrokkenheid by onder andere on kleuterbediening op Sondae.
- Nog ’n gemeentelid help ons met die neem van fotos by die doop en ander geleenthede.

Bogenoemde is slegs ’n paar voorbeelde van hoe ons lidmate in ons onmiddellike omgewing sowel as in die res van die stad ’n verskil maak.

EK SAL VERKIES OM GELD TE GEE

Indien jy voel dat jy as ***Verskilmaker*** graag 'n kontantbydrae wil maak, is die volgende opsies beskikbaar:

1. **Elektroniese betalings**

Rekeningnaam:	NG Weltevreden
Bank:	ABSA Clearwater
Takkode:	632005
Rekeningnommer	730 580 460
Verwysing:	Voorletters + Van + Waarvoor (Projeknaam/***Verskilmakers***/Ander)

2. **Snapscan**

   NG Weltevreden is ook vir SnapScan geregistreer. Laai die "app" op jou slimfoon af en gebruik die QR kode langsaan vir die betaling van onder andere kollekte, dankoffers, projekte, basaar, ens.

www.ngweltevreden.co.za

ng kerk weltevreden

3. **Maandelikse debietorders**

   Die vorm vir 'n maandelikse debietorder is op die webwerf of by die kerkkantoor beskikbaar. Hierdie metode gee jou die gemoedsrus dat jou maandelikse dankoffer altyd die kerk sal bereik. Ons vra ook dat jy dit sterk sal oorweeg om jou debietorder jaarliks te verhoog.

4. **Testamentêre bemakings**

   Daar is natuurlik ook die opsie om geld in jou testament aan die kerk te bemaak. Indien jy meer inligting hieroor verlang, kontak asb vir Pieter Marais by pieter.mr1@gmail.com.

EK WIL 'N VERSKIL MAAK!

As 'n lewende gemeente kan ons nie anders as om dit wat Jesus vir ons gegee het, met ander te deel nie. Hy sëen ons met gawes, talente en ander hulpbronne soos geld en tyd sodat ons tot sëen kan wees vir die mense rondom ons. Binne-in hierdie boekie is 'n vraelys waarop jy jou gawes, talente en hulpbronne kan aandui en beskikbaar kan stel asook jou behoeftes onder ons en gemeentelede se aandag kan bring. Vul dit asb in en handig dit dan by die kerkkantoor in, plaas dit in die houers by die deure of voltooi die vorm op die webwerf (www. ngweltevrede.co.za, kliek op die ***Verskilmakers*** logo) sodat jou inligting op ons stelsel aangeteken kan word. Sodra ons 'n behoefte en hulpbron kan koppel sal ons die betrokke partye bymekaar uitbring. Behoeftes en aanbiedinge sal met die nodige diskresie hanteer word.

Ons wil graag meer ***Verskilmakers*** by ons bestaande projekte betrokke hê. Ons wil jou as lidmaat egter ook nooi om met jou eie idees vir projekte vorendag te kom. As jy byvoorbeeld 'n tandarts is en graag vier konsultasiesessies per jaar wil skenk aan mense wat dit nie kan bekostig nie, of as jy 'n ekstra grassnyer het wat jy aan iemand kan leen of as jy graag van ons senior lidmate mooi wil laat voel deur hul hare te doen – dit is soms met die kleinste vorm van omgee dat ons die grootste verskil maak!

Ons nooi jou saam op ons reis om mense se lewens te verander; om te lewe vir ons stad. Welkom by die ***Verskilmakers***!

Deel op ons Facebook- en Twitterbladsye met ons die maniere waarop jy 'n verskil maak in die gemeente, ons omgewing en in ons stad deur #Verskilmakers te gebruik. Stuur vir ons fotos en idees sodat ons waarlik 'n lewende gemeente kan wees.

ngweltevreden

@lewevirdiestad

KONTAKBESONDERHEDE

Pieter Marais
pieter.mr1@gmail.com
082 415 2295

ngwelte.verskilmakers@gmail.com

Verskilmakers
Lewende Gemeente
Lewende Stad